

DINSDAG 31 DES 2002
NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID
MIDDERNAGDIENS OM 23:15

LITURGIE

<u>WIE</u>	<u>WAT</u>	<u>DETAIL</u>	<u>BORD/MUSIEK</u>
Hannes	Lof-en-aanbidding	Oom Sakkie	
Liturg	Gebed		
Elsabe & MG	Lof en aanbidding	<p style="text-align: center;"><u>Oorsig oor 2002</u></p> <p>Die gemeente bring aan U die lof (2x) U goedertierenheid (1-2) o EWIGE God (1-3)</p> <p style="text-align: center;"><u>'N Blik op 2003</u></p> <p>Bly volhard soos atlete (1-4) Ek wil wandel op die Godsweg (1-2) Ek hardloop vir Jesus (1-3) I surrender (1-4)</p>	<p>gemeente (1-2) ugooder (1-2) oewige (1-3)</p> <p>JR35:1-4 wandel (1-2) hrdloop (1-3) isurrene (1-4)</p>
Liturg	Gebed		
Liturg	Skriflesing	Jes 40:12-25	Skrif
Liturg	Preek	God is in beheer! Musiek: "God is in beheer" (Jannie Pelser)	Skrif Musiek1
Almal	Gebede		
Christo	STILTE TOT 12:00	Musiek: "Ons Vader" (Ronel Erasmus) OF "Wees stil" (Natasha)	Stil musiek2
Christo	Keurspel	Voorlesings en musiek	
Elsabe & MG	Sang	Oorwinningslied (1-3)	oorwin 1-3
Liturg	Seën	S-1 "Seenbede" 1=musiekgroep 2=almal	Seenbede (2x)
Christo	Musiek	'n Nuwe dag (Jannie Pelser)	

Oorsig oor 2002

Vanaand kyk ons terug oor nog 'n jaar wat verby is. Dit was 'n jaar vo wonderlike hoogtepunte maar ook hartseer laagtepunte. In hierdie jaar het ons verskeie lidmate begrawe. Tannie Nellie Bredenkamp, in die ouderdom van 94 jaar. Tannie Ann Cloete, na 'n lang siekbed en kanker. Tannie Sophie Du Toit in die ouderdom van 88 jaar. Ons het ook tragies afskeid geneem van Wally Flowerday, na 'n wrede ongeluk. Net so moes ons arfskeid neem van oom Koos Gordon, oom Wynand Fourie, oom Sam Lloyd, oom Jan Richert, Blackie Swart en oom Leopold Malan. Ook Tannie Suz van Heerden is oorlede na 'n lang en moeilike siekbed in Ond Hulde ouetehuis. In die afgelope maand het ons afskeid geneem van oom Roelf Opperman en oom Hennie Barnard. Ons mis hulle almal vanaand en ons eer hulle nagedagtenis. Maar ons is opgewonde oor hulle nuwe huis by die Vader. Ons betuig vanaand ons meegevoel met elkeen wat groot verliese in hierdie jaar gely het: 'n kind afgestaan het aan die dood; 'n werk verloor het of die trauma van 'n egskeiding moes ervaar. Ons kyk egter vanaand terug oor 'n goeie jaar: Nie een van ons lidmate het hulle lewens deur geweld of misdaad verloor nie. Die Here was vir ons werklik goed.

Ten spyte van die toenemende ekonomiese druk het die Here ryklik voorsien in Suid se behoeftes. Finansiëel was dit 'n goeie jaar met rekordinkomstes vir die basaar en die pretdag. Die lening by die Sinodale kantoor is in die afgelope jaar vereffen, en daar word goeie vordering gemaak met die laaste lening by Absa. Verskeie lidmate het hulle hande diep in hulle sakke gesteek omdat die Here dit op hulle harte gelê het.

Die eredienste het van krag tot krag gegaan. Vakansie-uitreike, musiekbedienings en hospitaalbesoeke was deel van die gemeente se bediening na buite. Selfs gedurende vakansietye was die bywoning en deelname goed. Verskeie tieners het in hierdie jaar hulle harte vir die Here gegee. Verskeie volwassenes het na maande of jare se onbetrokkenheid hulle self weer verbind aan die Here.

Ja, 2002 was vir ons 'n goeie jaar. God was vir ons goed. Hy het Sy seën oor ons uitgestort. Hy het op baie maniere ons grondgebied vergroot. Hy het reën gegee t.s.v die weerprofete se versoemende "El-Nino". Hy het vir uitkoms gegee t.s.v toenemende finansiële druk.

Ons bring vanaand al die eer vir die goeie van 2002 aan God. Ons kom bring ons offers van Lof aan die Een wat dit waardig is. Saam met die Psalmdigter roep ons uit:

Ps 117: Prys die Here, alle nasies, loof Hom, alle volke., want Sy liefde vir ons is sterk, aan die trou van die Here is daar geen einde nie..”

‘N blik op 2003

Ons kyk vanaand nie net terug nie - ons kyk ook vorentoe. Ons sien uit na ‘n nuwe jaar met nuwe uitdagings. Wat die jaar vir ons gaan inhou weet ons nie, maar saam met Paulus bely ons vanaand:

“Ek is tot alles in staat deur Christus wat vir my die krag gee.” (Fil 4:13)

Saam met Moses wil ons vanaand sê:

“As U nie saam met ons gaan nie, wil ons nie van hier af verder gaan nie.” (Eks 33)

Saam met Dawid bely ons vanaand:

“Ek kyk op na die berge, waarvandaan sal daar vir my hulp kom in 2003? My hulp kom van die Here wat die hemel en die eerde gemaak het.” (Ps 121)

Voor ons lê ‘n pad wat nog nie geloop is nie. ‘N Pad wat elkeen van ons self moet loop - alleen moet loop maar ook saam moet loop. Waar hierdie padjie gaan loop, weet ons nie.

Voor ons lê ‘n wedloop wat voltooi moet word. Die uitdaging is nie om te wen nie, maar om te voltooi. Ons hardloop nie teen mekaar nie, maar saam met mekaar. By die wenstreep wag wag hulle wat ons reeds vooruit gegaan het - maar ook Hy wat eerste daar was. Ons harloop nie na iets toe nie, maar na Iemand.

Laat ons dan elke las van ons afgooi - ook die sonde wat so maklik verstriek. En laat ons die wedloop wat vir ons voorlê met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en die Voleinder van die geloof. (Hebr 12:1-2)

Ons gebed vir 2003 is dat u ‘n voorpoedige wedloop sal hardloop.

Dat u elke kilometer van die wedloop sal geniet.

Nooit sal wegkyk nie.

Nooit sal omdraai nie.

En die wonderlike vreugde van oorwinning in Jesus se Naam sal smaak.

PREEKSKETS

Volk in ballingskap
Bang vir die toekoms.
Onseker.

Deutero-Jesaja

- Kom ek herinner julle net weer aan 'n paar dinge.
- Kyk om julle rond.
- Wie het die waters in die holte van Sy hand afgemeet?
- Wie het die berge bymekaargemaak?
- Wie het met 'n skaal die berge en die heuwels afgemeet?

Anwoord: God.

- As Hy dit alles gedoen het - kan Hy nie vir julle ook sorg nie?
- Kan Hy nie vir julle ook bevry uit Ballingskap nie?
- Kan Hy nie vir julle red van die Babilobiërs nie?

Die groot vraag as 'n mens in 'n krisis kom, is wie is in beheer?

Die groot vraag aan die begin van 'n nuwe jaar: wie is in beheer?

- Wat bepaal my lewenspad?
- Wat bepaal my toekoms?

Part mense sal sê: die noodlot.

- Ek is uitgelewer aan die noodlot.
- My lewe loop soos hy loop.
- As dinge gebeur, dan gebeur dit.
- Dis totaal buite beheer.
- Dis die manier hoe die wiel draai.
 - Dit moet erg wees om 'n nuwe jaar in te gaan met die wete: ek is uitgelewer aan die noodlot.

Ander sal dalk sê: Ek self is in beheer.

- Dis ek wat beplan.
- Ek reël my lewe.
- Ek beplan my toekoms.
 - Ek sou nogal onveilig gevoel het as 2003 van my afgehang het.

Die Bybel sê: God is in beheer.

- Hy sal besluit wat laat Hy toe.
- Hy sal besluit wat laat Hy nie toe nie.

Josef in Egipte...

- As slaaf verkoop.
- Werk in paleis.
- Dit gaan goed met hom (Gen 37:2)
- Toe hy in die tronk kom, gaan dit daar goed.
- En die Here help hom om drome uit te lê.
- Later word hy letterlik onderkoning.
- Weet julle watter les het Josef geleer.

- God is nie net in beheer binne in Israel en Palestina nie.
- Hy is in beheer in Egipte.
- Hy sorg in Egipte.
- God is nie net in beheer in Suid-Afrika nie -
 - ook in London
 - ook in Nederland
 - ook in Kanada en Australië.
- Hy is in beheer.

Nebukadneser in die paleis...

- Koning in Daniël se tyd.
- Heidense koning
- Gemaak wat hy wil.
- Baie verwaand (Dan 5:20)
- Op 'n dag was hulle bymekaar vir 'n groot fees.
- Hulle het uit die silwerbekers gedrink wat altyd in die tempel gestaan het.
- Skielik het 'n hand teen die muur geskryf:

Getel....geweeg verdeel (Dan 5:25-28)

- Nebukadneser het gedink hy is in beheer.
- Hy moet leer: God is in beheer.

Moses op berg Nebo...

- die volk se leier uit Egipte.
- Saam met hulle deur die Rooisee.
- 40 jaar saam met hulle deur die woestyn getrek.
- Swaargekry saam met hulle.
- Uiteindelik kom hulle by die Beloofde land aan.
- Die grootste oomblik in hulle lewe.
- En dan sê die Here vir Moses: Jy kan net tot hier gaan.
 - Jy kan nie in die land ingaan nie.
- God is in beheer: Hy bepaal wie gaan die land in en wie nie.
- Hy bepaal wie gaan 2003 in en wie nie.
- As HY 'n streep trek, kan niemand daar verby nie.
- Want Hy is God.

Ja, God was in beheer toe die weduwee van Sarfat olie gekort het om te lewe.

- En Hy het olie voorsien

God was in beheer toe Daniël en sy vriende in 'n vuurwarm oond gegooi is.

- En Hy het hulle beskerm.

God was in beheer toe Koning Herodes vir Jesus wou doodmaak.

- En Hy het hom gekeer.

God was in beheer toe die volk in Ballingskap was.

- En Hy het hulle weer terugbring na die beloofde land.

God was in beheer van die middeleeue.

- En Hy het Sy kerk daardeur gedra.
- Die kerk het selfs groter en sterker en suiwerder geword in die Middeleeue.

God was in beheer van die groot en verskriklike jaar 2000.

- Hy het ons daardeur gedra en beskerm.

Vanaand kyk ons vorentoe.

Hoe ver, weet ons nie.

- Maar dieselfde God wat deur miljoene jare in beheer was van die Skepping, sal ook in 2003 in beheer wees.
- Hy sal sorg.
- Hy sal voorsien.
- Dit is deel van Sy eienskappe - Hy sal nooit ophou om dit te doen nie. (Ps 121)

- En Hy sal in beheer wees, nie net in die kerk nie - maar ook buite die kerk.
 - Ook in die paleis
- Hy sal in beheer wees - nie net in SA nie maar ook buite SA.

God is in beheer.

Die Almagtige is in beheer.

Hy weet van jou krisis.

Hy weet van jou hofsaak.

Hy weet van jou kind.

Hy weet van jou huwelik.

Hy weet van jou vrese oor die rentekoers.

Hy ken die situasie by jou werk.

Hy weet van jou siekte.

Hy weet alles.

En Hy sal sorg.

- Miskien anders as wat jy voorgestel het.
- Miskien nie op die tyd wat jy wou hê nie.
- Maar Hy sal sorg.

2003 is God se jaar.

- 'n gawe uit Sy hand.
- genadetyd.
- beperkte tyd.

“Wie het die waters in die holte van Sy hand afgemeet,
met die breedte van Sy hand die maat van die hemel bepaal,
met 'n maatemmer die grons van die aarde afgemeet,
met 'n skaal die berge en die heuwels geweeg?”

God?

Vertrou Hom!

Hy's in beheer.

Maak jou oë toe en sê dit saam met die lied.

Roep dit vanaand uit oor al jou bekommernisse.

Bely dit vannaand t.s.v jou ondekerheid.